



DIE EINDE IS IN SIG!

1. SKOOLVERTEENWOORDIGERS

Ten spyte van die feit dat ons skole so stadigaan begin afsluit en fokus op die komende eksamen, het ons by die kantoor reuse administratiewe take om af te handel.

Een van hierdie oefeninge is die opdateer van ons **datbasis vir SKOOLVERTEENWOORDIGERS**. Voortspruitend uit ons PUR-vergadering het dit aan die lig gekom dat die Kringorganiseerders onseker is wie presies die skoolverteenvoordiger is by elke

skool. Derhalwe is die PUR-lede besig met 'n oefening in opdatering ten einde die databasis reg te kry.

Dis van die allergrootste belang dat **elke SKOOLVERTEENWOORDIGER** sal seker maak dat u Kringorganiseerder u kontakbesonderhede het. Dis baie belangrik enersyds ter wille van ons eie kommunikasie en andersyds het ons nasionale kantoor die gedagte om 'n **SV WApp groep** te stig. **Kommunikasie** met ons lede is van die uiterste belang en ons wil dit so **effektief** moontlik laat geskied.

2. KORPORATIEWE GESKENK

Ons nasionale kantoor het bevestig dat ons eersdaags die korporatiewe geskenke soos wat u dit bestel het, in Kimberley sal ontvang. Die SAOU NK-kantoor beoog om die geskenke in die **week van 14 November 2016 op strategiese punte / skole** oor die hele provinsie af te laai. Ons wil sodoende seker maak dat die geskenke voor die einde van November 2016 by u kan wees.

Kyk uit vir **SAOU Noord-Kaap NUUS nr. 25 van 7 November 2016** waarin ons 'n volledige lys van afsetpunte en skole sal deurgee.

3. BEMAGTIGING 2017

Ter wille van u eie beplanning en begrotingsdoeleindes, deel ek met u die volgende datums ten opsigte van bemagtigingsgeleenthede vir 2017.

3.1 BEGINNERONDERWYSERS

Hierdie sessies spreek tot almal wat van 0 -5 jaar in die ondewys is. 'n Hele gros onderwysers het na die *gazette* van 2016 vir die eerste keer permanente onderwysposte en dan is daar net so baie onderwysers wat nuut in SBLposte, sowel as in tydelike poste aangestel gaan wees.

3.1.1 Onderwerpe wat hanteer sal word is die volgende:

A) Wat word deur 'n skoolhoof van 'n beginneronderwyser verwag?

B) Diensvoorwaardes en onderwysverwante aangeleentede.

C) Wat sal ek anders doen as ek nou weer kan begin?

Inligting:

DATUM: 17 Januarie 23 Januarie 24 Januarie

PLEK: Kimberley Upington Springbok

KOSTE: R40 vir lede en R60 vir nie-lede

TYD: Al die sessies sal om 14:00 begin

LW: HIERDIE BEMAGTIGING IS NIE SLEGS VIR LEDE NIE EN ONS DOEN 'N BEROEP OP SKOOLHOOFDE OM ALLE BEGINNERS AAN TE MOEDIG OM HIERDIE SESSIES BY TE WOON!

3.2 DISSCIPLINE WERKSWINKEL

Die bemagtiging wat vanjaar in Upington aangebied was, was 'n baie groot suskes en ons gaan die oefening in 2017 in Kimberley herhaal. Die oogmerk is om praktiese en resente oplossings te kry vir dissiplinêre probleme in skole. Hiervoor gaan ons (o.a.) leerders, godsdiensteleiers, ervare skoolhoofde, regskeners, FEDSAS, sielkundiges en onderwysers inspan.

Inligting:

DATUM: 28 EN 29 Januarie 2017

PLEK: Kimberley

KOSTE: R150 vir lede en R180 vir nie-lede

LW: HIERDIE BEMAGTIGING IS NIE SLEGS VIR LEDE NIE EN ONS DOEN 'N BEROEP OP SKOOLHOOFDE OM ALLE BEGINNERS AAN TE MOEDIG OM HIERDIE SESSIES BY TE WOON!

3.3 HOOFDESEMINAAR

Die datum vir die jaarlikse Hoofdeminaar op Douglas is 23 en 24 Februarie 2017. 'n Aparte inligtingstuk hieroor sal weldra aan skoolhoofde versprei word. Die koste beloop voorlopig R350 vir lede en R400 vir nie-lede.

3.4 OPLEIDING VIR SKOOLBESTUURSPANNE

Hierdie bemagtiging gaan 'n nuuttjie op ons program wees en daar moet nog baie beplanning hieromtrent gedoen word. Die datum is 16 en 17 Junie 2017 en dit sal in Kimberley plaasvind. Die sukses hiervan sal bepaal of ons dit in die toekoms kan uitbrei om in sentrums buite Kimberley aangebied te word.

Ons het nog nie 'n kosteberaming nie, maar u kan werk op R250 per lid en dan u reis –en verblyf koste inreken vir 'n begroting.

LW!! HIERDIE BEMAGTIGING IS NIE NET VIR LEDE NIE!!!

4. KANTOORSLUITING

Ons kantoor sal op Vrydag, 9 Desember 2016 vanaf 12:00 die middag gesluit wees vir die personeel se afsluitingsgeselligheid. Maandag, 12 Desember 2016 volg ons die normale kantoorure.

Die kantoor sluit vir die Desembervakansie op Woensdag, 14 Desember 2016, rondom 13:00 en ons heropen weer op 4 Januarie 2017.

5. GRAAD 12 EKSAMEN - MODELERING

Ons kantoor het 'n navraag opgevolg ten opsigte van leerders wat van gr 11 oorgeplaas is en die keuse kon uitoefen om hulle finale gr 12 eksamen te modeleer. Skoolhoofde sal onthou

dat u in Junie / Julie 2016 daardie inligting aan die NKOD se Eksamenafdeling moes verskaf.
Die navraag wat ons hanteer het, was as volg:

‘n Leerling het Junie / Julie aangedui dat hy / sy wil modeleer en tydens die Oktober / November 2016-sessie slegs drie vakke skryf. Teen die tyd wat die eindeksamen begin, het die kandidaat besluit om nie te modeleer nie en al 6 vakke te skrywe.

Die hoof van eksamens, mnr. Maketlo, het as volg reageer:

1. *Die leerling kan al die vakke skryf.*
2. *Dit sal by die NKOD aangeteken word as ‘n “administratiewe ongerymdheid”.*
3. *Dit mag wees dat die kandidaat se uitslag nie saam met die res van die skool se statistiek gaan wees nie.*
4. *Dit mag wees dat die kandidaat nie onmiddellik sy / haar uitslag kry saam met die res nie aangesien die “administratiewe ongerymdheid” ondersoek moet word.*
5. *Die “ondersoek” kan egter moontlik ook afgehandel word voor die tyd.*
6. *Saam met die antwoordstel wat die kandidaat nie veronderstel was om te skryf nie, moet die skoolhoof:*
 1. *‘n Brief aanheg wat aantoon dat die kandidaat daarop aandrang om te skryf.*
 2. *‘n Brief van die kandidaat – wat deur sy / haar ouers onderteken moet wees – aanheg waarin verklaar word dat die kandidaat uit eie keuse nie meer wil modeleer nie en die betrokke vraestel wil skryf.*
7. *Die administratiewe ongerymdheid, sal nie teen die skoolhoof se naam aangeteken word nie.*

VRIENDELIKE GROETE
HENK BRAND



Copyright © */2016/* */Suid Afrikaanse Onderwysunie/*, All rights reserved.

Our mailing address is:

saouk@saou.co.za

Want to change how you receive these emails?

You can [update your preferences](#) or [unsubscribe from this list](#)